Potchefstroom Gimnasium

Reëls en regulasies vir leerders tydens Mei/Junie 2023-eksamen

1. Alle leerders wat skryf, moet vir die eerste sessie vanaf 07:00 tot 07:20 by die skool aanmeld om betyds te wees. Vir die tweede sessie moet hulle vanaf 10:45 tot 11:15 aanmeld.
2. Leerders gaan direk na die lokaal waar hul eksamen skryf. Sien keersy vir lokaal- en sitplekplasings per graad en vak.
3. Leerders moet om 07:30/11:15 sit.
4. Vraestelle word om 07:32/11:17 uitgedeel en voorgelees.
5. Stillees van vraestelle van 07:35-07:45/11:20-11:30.
6. Skryfsessie begin om 07:45/11:30 tot einde van vraesteltyd.
7. Leerders moet asb. die tydreëlings gehoorsaam.
8. Geen studiemateriaal, papiere of pennesakkies mag in die lokaal ingeneem word nie.
9. Sakke en tasse moet voor in die lokaal geplaas word tydens skryfsessies.
10. Geen selfone; elektroniese apparate (bv. slimhorlosies); eet- en drinkgoed word in eksamenlokaal toegelaat nie.
11. Leerders moet ten volle soos in die Gedragskode van die skool vervat geklee wees.
12. Wanneer koshuisleerders klaar geskryf het, moet hulle onmiddellik na die onderskeie koshuise beweeg.